NGK Worcester-Vallei

Tulbaghstr 150
WORCESTER
6850
Tel 023 3470387
Faks 0862108337
ngvalleikerk@telkomsa.net
www.ngkworcestervallei.co.za

Brandend vir God, vir
mekaar en vir die wêreld

Ds S Burden
023 3471206
082 564 9478

Ds JR Malan
023 3474795
082 788 2998

Ds JJ Steyn
023 3427376
082 788 7899

Januarie 2018

Beste ouer(s)

Die jaar het weggespring en ek dink nie almal het al heeltemal hulle voete gevind nie. Ek dink sommer aan die graad 8's wat 'n nuwe wêreld betree het. Ons glo hulle gaan baie gelukkig wees by hulle nuwe tuiste.

Geestelike groei geleentheid:

Vir baie jare het die skool (Drostdy) en die plaaslike gemeente N.G Gemeente Worcester-Vallei 'n noue band met mekaar gehad. Goeie verhoudings is op die been gebring asook verskeie ooreenkomste is onderteken bv. om 'n jeugwerker in die skool, maar veral die koshuise te plaas. Die gemeente se visie is om deel te wees van 'n span wat vir julle kind of kinders 'n geestelike tuiste bied. Omdat die koshuisaktiwiteite en ander skool aktiwiteite baie tyd in beslag neem is daar ooreengekom dat die gemeente elke Dinsdag aand tussen 18:00-19:00 'n tyd het om saam met julle kinders geestelik te groei. Hierdie brief is om julle kind(ers) uit te nooi na die geleentheid. Die lokaal sal nog bevestig word. Moedig hulle aan om die geleentheid by te woon.

Kategese:

Ons het vir baie jare kategese aangebied by die skool. Mettertyd het ons daarmee weggedoen en ouers aangemoedig om hulle kinders by hulle tuisgemeentes in te skryf. Ons het verlede jaar tog begin om weer 'n belydenisklas geleentheid te skep. Dit was net vir kinders wat nie by hulle tuisgemeentes die geleenthede kon bywoon nie. Ons is nie seker hoeveel kinders van die ander grade ook op geen manier die kategese van hulle tuisgemeente kan bywoon nie. Dalk het die tuisgemeente in die aande kategese. Ons wil graag 'n opname maak. Indien dit onmoontlik vir jou kind is om kategese by julle tuisgemeente by te woon moet julle my kontak. As julle kind vir meer as 70% van die naweke inbly in die koshuis is hy/sy baie welkom om by Worcester- Vallei gemeente in te skakel. Indien hy minder as 70% naweke inbly kan jou kind die kategese as 'n besoeker bywoon. Die eredienste begin 9:00. Ons het twee dienste: 'n kerkdiens (formele) en 'n saaldiens (informele). Na afloop van die eredienste kom die kinders eers in die kerkgebou bymekaar waar hulle dan na hulle verkillende klasse verwys word.

Ons sien daarna uit om deel te wees van julle kind se geestelike versorging. Mag jou kind die geleenthede aangryp en so wonderlik groei.

Groete
Ds Stefaans Burden (0825649478)